## DIE SAMEHANGENDE VERSKEIDENHEID VAN MENSLIKE VRYHEID VERAL IN SAMELEWINGSVERBAND

### (wo. Universitêre en Akademiese vryheid)

A. *Prolegomena.*

1. Ons tref menslike vryheid (en verslaafdheid) as positiewe idion (verskynsel) by sy handelinge aan. (Ons verstaan „handeling" in ruime sin en sluit o.a. aktes, wo. bv. dink, liefhê, waardeer en kies daarby in). *Menslike vryheid*[1]) is as handeling (i) roepingsvervullende antwoording (ii) op die aan die mens geskenkte (en hom verpligtende) moontlikheid van keuse (iii) in onderworpenheid (resp. gehoorsaamheid) aan die betrokke behorenseise waaronder die mens ás méns staan.

2. a. Om die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid te verstaan moet ons dit sien in die lig van die beginsel van eenheid en differensiasie,[2]) waarvan vier tipes onderskei kan word.

i. Die *absolute* algenoegsame en transkosmiese *Eenheidsgrond* van alle kosmiese eenheid en verskeidenheid is God, uit en deur en tot Wie álle dinge (ook menslike vryheid met sy voorwaardes van moontlikheid van keuse en onderworpenheid aan behorenseise) is.

ii. Die *„formele" eenheid* van die kosmos (stof, plant, dier en mens) is met sy kreatuurlikheid (wo. sy onselfgenoegsaamheid, aard, sin, dinamiek, doel of bestemming en onderworpenheid aan die goddelike wetsorde) gegee. Volgens hierdie beginsel kan ons skerp tussen God en kosmos (en dus ook tussen die goddelike vrymag en menslike vryheid) onderskei. Niks in en van die kosmos (wo. die mens) is met God, en niks in en van God is met die kosmos (wo. die mens) identies nie. (Ook die alomteenwoordigheid, immanensie en presensie van God in die kosmos is nie kreatuurlik nie). Vir sover

(i) menslike vryheid met sy voorwaardes (ii) van moontlikheid van keuse en (iii) onderworpenheid aan behorenseise by alle mense in alle omstandighede en op alle tye 'n gemeenskaplike aard en gemeenskaplike kenmerke vertoon, kom die „formele" eenheid van menslike vryheid in sig, op grond waarvan ons menslike vryheid van ander kreatuurlike idionne („verskynsels") kan onderskei.

iii. Die *„materiële" eenheid* van die kosmos bied die binnekosmiese samehang van kreatuurlike verskeidenheid, waarvan legio (onderling verbonde) tipes onderskei kan word, wo. meganiese, holiese, organiese, personale eenheid, eenheid van 'n modale wetskring, van 'n menslike samelewingskring, van 'n kunsstuk, van 'n historiese proses ensovoorts. Insover (i) menslike vryheid (ii) met sy moontlikheid van keuse en (iii) sy onderworpenheid aan behorenseise onderskeie (onderling saamhangende) tipes en soorte vertoon, het ons met die „materiële" eenheid (samehangende verskeidenheid) van menslike vryheid te doen. (Met die onderhawige artikel wil ons enkele tipes van hierdie eenheid onder oë sien).

iv. *Eenheid* as *herstel van verskeurdheid* word vereis deur die intrede van sonde en kwaad in die kosmos. (Binnekosmiese herstel van verskeurdheid, met bv. genesing of herstel van vrede gegee, is onselfgenoegsaam en betreklik, en bied telkens weer 'n basis vir nuwe verskeurdheid; die finale herstel (resp. oorwinning van sonde en kwaad in die kosmos) is — in beginsel — gegee met die van sonde verlossende en die kosmos herskeppende kruisdood van Jesus Christus). M.b.t. ons vryheidsprobleem vereis die eenheidsbeginsel van herstel bv. (i) die verlossing van (sonde-) verslawing en sy gevolge, (ii) van belemmering, ondermyning en vervalsing van die moontlikheid van keuse en (iii) van oortreding van (ongehoorsaamheid aan) die behorenseise waaronder die mens ás méns staan.

v. Die „materiële" eenheid van die kosmos (en dus ook van menslike vryheid) is *gefundeer* in sy „formele" eenheid en beide in hul absolute Eenheidsgrond.

vi. Die eerste drie tipes van eenheid ontwaar ons volgens die *„orde van skepping"*, en die laaste volgens die *„orde van sondeval en verlossing"*.[3]) Ook met hierdie artikel beperk ons ons metodies tot die „orde van skepping".

2. b. Wat die kosmos verder betref, onderskei ons *eerstens* die samehangende verskeidenheid van die *idiostansies*[4]): stof, plant, dier en mens en *tweedens* dié van die *kosmiese dimensies* (resp. universele kante)[5]) van die kosmos (stof, plant, dier en mens) en wel as volg:

i. Die *kosmiese dimensie van modaliteite.* Hier onderskei ons (in samehang) getal, ruimte, die fisiese, lewe (die biotiese) en die psigiese; die logiese, taal (die linguale) en die estetiese; die ekonomiese, die juridiese en die etiese (die sedelike); en godsdiens[6]) (in enger sin). Hiervolgens kan ons modale soorte van vryheid (bv. etiese en estetiese vryheid) met hul samehang onderskei.

ii. Die *kosmiese dimensie* van (individuele en sosiale) *idiostante strukture.*[4]),[5]) Hier onderskei ons (in samehang) die eenheidstruktuur van die mens as enkeling; dié van (maatskaplike) inter-individuele verhoudings (wo. vriendskap en buurskap); dié van die sekundêre (en ook maatskaplike) samelewingskringe (wo. 'n universiteit, 'n fabriek, 'n klub ens.); en dié van die primêre samelewingskringe (wo. huwelik, gesin, volk, staat en kerk). Hiervolgens kan ons idiostant-strukturele tipes van vryheid (bv. individuele vryheid, volkse vryheid, universitêre vryheid ens.) met hul samehang onderskei.

iii. Die *kosmiese dimensie* van *gebeurtenisse.* Hier onderskei ons (in samehang) bv. ontstaan en vergaan; wording, ontwikkeling en geskiedenis; opvoeding, verkeer, arbeid ensovoorts. Met hierdie dimensie kom moontlikheid van keuse met die betrokke behorenseise en menslike vryheid „eielywig" en dus positief in sig.

iv. Die *kosmiese dimensie* van *waardes.* Hiervolgens onderskei ons (in samehang) al die aksiale waardes van goed en kwaad; en wat ons probleem betref die „goedheid" van vryheid en die „slegtheid" van verslawing, en

wel by al die betrokke (samehangende) soorte en tipes van vryheid en verslawing.

Ook by die kosmiese dimensies (en daarmee by menslike vryheid) tref ons 'n *funderingsverhouding* aan, en wel van iv. in iii., van iii. in ii. en van ii. in i.

2. c. Omdat ons die samehangende verskeidenheid van *menslike* vryheid ondersoek, is ten slotte van belang die (samehangende) *verhoudings* van (i) menslike vryheid met sy voorwaardes van (ii) moontlikheid van keuse en van (iii) onderworpenheid aan behorenseise (a) *tot God,* (b) *tot* die *mens* (as beelddraer van God) en (c) *tot* die *kosmos* (stof, plant, dier en mens).

2. d. *Op die agtergrond van* al hierdie eenheid en differensiasie (met 2.a., 2.b. en 2.c. genoem) moet ons die samehangende verskeidenheid („materiële eenheid") van menslike vryheid (met sy twee voorwaardes) ondersoek. Want menslike vryheid bestaan nie in isolasie nie en die mens handel in sy vryheid nie in 'n vacuum nie. Menslike vryheid vorm (net soos bv. 'n chemiese proses, bevrugting van 'n kiemsel en die instinktiewe hongerbevrediging van 'n dier) 'n inherente „deel" van die kosmos — in prinsipe onverbreeklik met die orige kosmos verbind, en wel so dat menslike vryheid (prinsipieel) op die kosmos en die kosmos (prinsipieel) op menslike vryheid en beide tesame (prinsipieel) op die skepping, instanhouding en bestiering van die kosmos deur God aangewys is.

B. *Een en ander oor die samehangende verskeidenheid van die twee voorwaardes van menslike vryheid.*

1. a. Die *moontlikheid van keuse* is (samehangend) gegee

i. met o.a. die aard, aanleg, funksies en talente van die mens (waarvolgens hy in staat is om te kies);

ii. met alles waarop menslike vryheid betrokke is (en na aanleiding waarvan die mens kan kies), soos gegee met bv. (a) die diens van God, (b) naasteliefde en (c) (kultuurskeppende) heerskappy oor die kosmos; en

iii. met die behorenseise (waaraan die mens ás

méns onderworpe is en) wat hy kan gehoorsaam of oortree.

1. b. Ons kan, wat die *behorenseise* betref, nie ingaan op sy samehang met die universele wetsorde van God vir die hele kosmos (en sy onderskeie dimensies) nie. Van hierdie wetsorde beperk ons ons tot die normatiewe wetsorde, wat juis vir ons vryheidsprobleem in 'n besondere sin relevant is. Maar ons stel hierdie norme in verband met die kontingente behorenseise (waaroor later) en ons noem die *normatiewe* wetsorde én die *kontingente* behorenseise tesáme *„behorenseise"*. Verder beperk ons ons tot die behorenseise waaronder die mens ás méns staan en sien dus metodies af van die menslike positivering van die behorenseise (soos bv. gegee met staatswette, universiteitsregulasies en sosiale usansies of gedragskodes). Ons meld net dat laasgenoemdes in eersgenoemdes gefundeer is en aan eersgenoemdes behoort te beantwoord.

Die *behorenseise* geld (samehangend) vir

i. die aard, aanleg, funksies en talente van die mens; en

ii. vir alles waarop menslike vryheid — met (a) sy diens van God, (b) sy liefdesorg vir die mens en (c) sy (kultuurskeppende) heerskappy oor die kosmos — betrokke is.

2. 'n Belangrike onderskeid vir ons vraagstuk van die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid is dié van die (samehangende) *gelykheid* en *ongelykheid* van sowel moontlikheid van keuse as van behorenseise. As ons daarop let dat die mens (as enkeling en as samelewingskring) in sy verhouding (a) tot God, (b) tot die mens en (c) tot die kosmos ás ménse gelyk is, staan hulle — in (a) hul diens van God, (b) hul liefdesorg vir die mens en (c) hul heerskappy oor die kosmos — voor gelyke (resp. gemeenskaplike) moontlikheid van keuse en voor gelyke (resp. gemeenskaplike) betrokke behorenseise. Let ons egter op ongelykheid van mense (man en vrou; kerk en staat; gesagshebber en gesagsonderdaan;

kunstenaar en wetenskaplike; kind en volwassene; kultureel min en kultureel hoog ontwikkelde volke; ensovoorts) dan verskil van geval tot geval sowel die betrokke moontlikheid van keuse as die betrokke behorenseise. (Ons kom hierop terug).

3. a. Ten slotte is nog 'n onderskeiding vir ons onderhawige probleemstelling van belang, nl. die tussen *vaste* en *kontingente* moontlikheid van keuse én behorenseise.

*Váste moontlikheid van keuse* is die mens (volgens sy vaste aard en struktuur) in alle tye geskenk. Die mens staan altyd voor bv. die moontlikheid om God te dien, om sedelik te handel, om taal te vorm, om volke en state te vorm en geskiedenis te maak asook tegniek te vervaardig ensovoorts.

*Kontingente moontlikheid van keuse* verskil van mens (as enkeling en as samelewingskring) volgens verskil van persoonsaard, aanleg en talente; volgens verskil van omstandighede, geleenthede en situasies; en daarmee volgens verskil van plek en tyd. Bv., Goethe het 'n ander moontlikheid van keuse as Shakespeare en Bismarck as Napoleon; die Christelike kerk in die 5e eeu na Christus staan voor 'n ander moontlikheid van keuse as die Christelike kerk tydens die Reformasie; die universiteit van Parys in die 13e eeu het 'n ander moontlikheid van keuse as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vandag. Ensovoorts. Ensovoorts. Hierdie kontingente verskille van moontlikheid van keuse geld universeel: orals waar die mens (as enkeling of samelewingskring) in die betrokke tydsgewrigte handel. Ook die Heilige Skrif getuig van kontingente moontlikheid van keuse as dit spreek van o.a. „tekens van die tye"; „sy uur het nog nie gekom nie"; „daar is 'n tyd om dít te doen én 'n tyd om dát te doen"; en „wát (hiér, met hiérdie omstandighede en geleenthede) jóú hand (met jóú persoonsaard, aanleg en talente) vínd (nóú) om te doen, doen dít met alle mag"; ensovoorts.

Váste en kontingénte moontlikheid van keuse is nie

van mekaar isoleerbaar nie en hang (soos hierbo aangedui) op legio diverse wyses saam.

3. b. *Váste behorenseise* is gegee met algemene[7]) (modale en idiostant-strukturele) norme. Hieronder val bv. die tien gebooie, die dubbele liefdesgebod van Christus, ken-, dink- en estetiese norme asook norme vir die huwelik, gesin, volk, staat ensovoorts. Hulle korreleer respektiewelik met die vaste moontlikheid van keuse.

*Kontingente behorenseise* (korrelaat met kontingente moontlikheid van keuse) kan saamgevat word met die (nie algemene nie, maar) universele[7]) behorenseis (wat juis rekening hou met die unieke verskil van geval tot geval), nl. „wát jóú hand vínd om te doen, *dóén* dit *(behóórt* jy *te doen)* met alle mag". Waar vaste (resp. algemene, normatiewe) behorenseise algemene riglinies vir die menslike doen en late gee, daar stel kontingente behorenseise die behore vir die geval van 'n kontingente moontlikheid van keuse. As mens bv. voor 'n konflik van pligte te staan kom, moet hy dit wat swaarste weeg, swaarste laat weeg; as 'n jongeling op 'n betrokke tyd voor die vraag te staan kom wat hy (met sy omstandighede en geleenthede en met sy persoonsaard, aanleg en talente) moet word of as press. Kruger en Steyn in 1899 voor die vraag te staan kom of hulle aan Brittanje oorlog moet verklaar, dan is dergelike kontingente moontlikhede van keuse deonties[8]) geen onverskillige saak nie, en word hulle daarmee deur 'n kontingente behore aangespreek. In al dergelike gevalle gee die vaste (resp. algemene normatiewe) behorenseise geen afdoende leiding nie. Trouens kan die mens nie die vaste behorenseise tot die kontingente (en ook nie vice versa) herlei nie.

Wat egter nie vergeet mag word nie, is dat die vaste behorenseise hul grond in die skeppingswil van God vind en dat die kontingente behorenseise hul grond in die bestieringswil van God vind; want God spreek ook tot jou deur wat Hy kontingent jou hand laat vind om te doen, en nie net deur Sy algemene normatiewe wetsorde nie. En ook mag ons nie vergeet nie, dat die kontingente beho-

renseise altyd gesien en verstaan moet word in die lig van die vaste behorenseise — en hiermee in die lig van Gods Woord op alles wat die mens doen en laat. Ook die vaste en kontingente behorenseise hang in hul onderskeidenheid onverbreeklik saam.

4. M.b.t. ons onderhawige probleem is dit van belang om ook die samehangende verskeidenheid van *toerekenbaarheid* en *verantwoordelikheid* so skerp as moontlik te stel.

i. Op grond van moontlikheid van keuse inisieer die mens met sy kiesing (die eerste stap van vryheid) 'n nuwe reeks handelinge en is hy vir sy handelinge *toerekenbaar.* Dit is die méns wat oorsaak is van wat hy kiesend (handelend) tot stand bring en van wat daarop verder volg. Met die moontlikheid van keuse is egter nog net gegee dat die mens dít of dát en dit sús of só *kán* kies (doen), máár nog nié dat hy dít (en nié dát nie) en dit sús (en nié só nie) behóórt te kies (doen) nie. M.a.w. is hier van verantwoordelikheid hoegenaamd geen sprake nie.[9]) Eers wanneer die mens bówendien onder behorenseise staan en gevolglik dít (en nié dát nie) en dit sús (en nié só nie) behóórt te doen (waarvolgens hy nie willekeurig en uit louter eie welbehae net kan kies en doen wat hy begeer en wil nie), kom *verantwoordelikheid* in sig. Verantwoordelikheid (met die onderworpenheid aan behorenseise) is gefundeer in toerekenbaarheid (met die moontlikheid van keuse). Of anders gestel, moontlikheid van keuse waarborg menslike vryheid: sy toerekenbaarheid; en die hierop gefundeerde onderworpenheid aan behorenseise waarborg vryheid: sy verantwoordelikheid en orde.

ii. By blote moontlikheid van keuse (met sy waarborg van toerekenbaarheid) is daar van skuld asook gevolglik van 'n vereiste tug en straf geen sprake nie. Maar as die mens bowendien onder behorenseise staan (met sy waarborg van verantwoordelikheid), dan kom by oortreding van (of ongehoorsaamheid aan) behorenseise skuld[9]) in sig, staan die mens veroordeel en kom die eis van tug en straf ter sprake.

iii. Moontlikheid van keuse (i.c. toerekenbaarheid)

impliseer geen gesagsverhouding nie. Onderworpenheid aan behorenseise (i.c. verantwoordelikheid) daarenteen veronderstel 'n persoonlike gesagsrelasie. Want die behorenseise is as sodanig onpersoonlik, en teenoor 'n onpersoonlike instansie kan die mens geen verantwoording skuldig wees nie. Slegs teenoor persone (teenoor God of 'n menslike gesaghebber) is die mens met sy doen en late verantwoording skuldig vir sy gehoorsaming of oortreding van die (deur die gesagsinstansie bepaalde) behorenseise. M.b.t. die behorenseise waaronder die mens ás méns staan, is hy in fundamentele sin aan God verantwoording skuldig. M.b.t. die deur 'n betrokke gesaghebber (van welke samelewingskring ook al) gepositiveerde behorenseise is die gesagsonderdaan ook aan die betrokke menslike gesag (wat bo hom gestel is) verantwoording skuldig. (Op die verhouding van vryheid en gesag kan ons hier nie ingaan nie, behalwe om op te merk dat die verhouding van menslike vryheid en menslike gesag vryheid nie ophef nie, maar juis bevestig).

iv. Bygevoeg mag word dat plig is wat die mens behoort te doen en dat wat die mens behoort te doen plig is; en dat waar liefde heers (bv. in die geval van 'n moeder vir haar siek kind of in dié van 'n geesdriftige navorser vir die oplossing van 'n moeilike probleem), gehoorsaamheid aan die betrokke behorenseise vanselfsprekend is en geen opoffering, geen inspanning van kragte te groot is nie; maar dat waar liefde ontbreek, die betrokke behorenseise as harde en onaangename verpligtings beleef word.

C. *Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid.*

1. Die hierbo aangeduide samehangende verskeidenheid van die (onderling samehangende) voorwaardes van menslike vryheid (nl. dié i.s. die moontlikheid van keuse en dié i.s. onderworpenheid aan behorenseise) het sy *implikasies* vir die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid. Dit hoef ons nie in besonderhede aan te toon nie, maar ons vestig veral die aandag op die hier-

mee gegewe onderskeid van a. gelyke en ongelyke vryheid en b. vaste en kontingente vryheid. Wat a. betref, is alle mense (ás ménse en vóór God) gelykelik vry in hul antwoording op gemeenskaplike moontlikheid van keuse met hul gemeenskaplike behorenseise; maar die vryheid bv. van 'n man as man en die vryheid van 'n vrou as vrou of bv. die vryheid van 'n gesin as gesin en die vryheid van 'n staat as staat is op grond van die betrokke verskille ongelyk. Wat b. betref is die gelyke en ongelyke vryheid vas, waartoe die mens in alle tye geroepe is, maar is vryheid kontingent wat vir die betrokke mens (met sy besondere aanleg en talente) slegs op 'n bepaalde tyd (met sy besóndere omstandighede, geleenthede en situasies) gestel is; bv. die vryheid van Rembrandt met sy skepping van die „Nachtwaak" verwerklik of van ons owerheid met die stigting van ons Republiek van Suid-Afrika onlangs.

2. Menslike vryheid begin met *kiesing.* (Ons verstaan ook „kiesing" in ruime sin en nie net as „wilskeuse" nie. Want ook aan die mens se geloof, gewete, liefde, insig, kunswaardering ens. lê 'n moontlikheid van keuse ten grondslag, en dergelike aktes is nie tot „wil" herleibaar nie). Kiesing (in die algemeen: handeling) is géén reaksie op 'n prikkel en ook géén aanpassing aan omstandighede nie. Desnieteenstaande blyk dit dat baie Calvinistiese vakwetenskaplikes (wo. bioloë, psigoloë en sosioloë) by menslike handelinge (hoofsaaklik, so nie uitsluitlik nie) van „reaksie" en/of van „aanpassing" spreek, sonder dat hulle besef dat hulle hierdeur biologistiese, ewolusionistiese en verdierlikte mensbeskouings in hul teorieë inloods. (Selfs genl. J. C. Smuts[10]) het beter as hulle gesien, toe hy geskryf het dat waar plante en diere hulle by hul omgewings aanpas en diere 'n hul bedreigende omgewing (bv. deur migrasie) kan ontvlug, dit nét die mens is wat sy omgewing bý hóm aanpas). In die grond van die saak is tipies menslike handelings geen reaksie op prikkels en ook geen aanpassing aan omgewings of omstandighede nie, maar 'n hom (toerekenbare en verantwoordelike) te-

regvinding in die hom geskenkte omstandighede (moontlikheid van keuse met die betrokke behorenseise); en hierdie teregvinding is 'n (toerekenbare en verantwoordelike) antwoording op die hom (met die moontlikheid van keuse en behorenseise) geskenkte (en verpligtende) taakstelling.

In fundamentele sin (nog altyd volgens die „orde van die skepping") is menslike *kiesing* 'n gepak (getrek, oortuig, be-siel, be-geester) word deur die hom geskenkte moontlikhede in onderworpenheid aan die betrokke behorenseise. Kiesing is m.a.w. in fundamentele sin *oorgawe* aan wat hom te doen staan, *antwoording* op wat van hom deur sy moontlikheid van keuse met die betrokke behorenseise geverg, gevra word; d.w.s. doen van dit waartoe hy in sy kreatuurlikheid geroep word. Maar met sy oorgawe (kiesing, handeling) doen die mens iets wat die hom geskenkte en verpligtende moontlikhede met hul behorenseise (vraag, roep, taakstelling) sélf nie verrig nie; hy bring (deur die verwerkliking van die moontlikhede ooreenkomstig die behorenseise) iets tot stand: hy dien God, hy sorg in liefde vir die mens en hy heers (kultuurskeppend) oor die kosmos. Sy kiesing (die eerste stap van vryheid) is *antwoord* op die van hom gevergde, gevraagde. Antwoordend verrig hy iets wat die hom gestelde vraag (hom met sy moontlikheid van keuse met die betrokke behorenseise gestel) sélf nie verrig nie. Kiesing is dan ook geen outonome en outarke menslike bevoegdheid nie, maar is afhanklik van sy moontlikheid van keuse (met die betrokke behorenseise), soos 'n (aan sy vraag beantwoordende) antwoord van sy vraag afhanklik is. Sy kiesing word dan ook gelei deur (die hom geskenkte en gestuurde) moontlikheid van keuse (met behorenseise), soos 'n vraag die antwoord lei. Hiér lê die eintlike misterie van menslike vryheid.[11])

3. Slégs aan die méns (en nie aan stof, plant en dier nie) is die moontlikheid van keuse (met behorenseise) geskenk, op grond waarvan hy toerekenbaar en verantwoordelik kan kies (handel resp. vry wees). Die diepste

grond van sy *kiesing* (resp. vryheid) is dan ook *uitverkiesing*. Onder alle aardse (kosmiese) skepsele is dit slegs die mens wat tot toerekenbare en verantwoordelike kiesing (handeling, vryheid, roepingsvervulling en mede-arbeiderskap Gods) uitverkies is; m.a.w. is slegs die mens tot vryheid (nie gedoem nie, soos Sartre wil, maar) bestem: die tot vryheid *uitverkorene*.

Let ons verder daarop dat mense (as enkelinge en as samelewingskringe) nie net voor gelyke en ook nie net voor vaste moontlikhede van keuse (met betrokke behorenseise) geplaas is nie, maar ook daarop hoe mense verskil en hoe verskillend (ongelyke asook kontingente) moontlikheid van keuse (met betrokke behorenseise) die mens geskenk en gestuur word, m.a.w. hoe die van die mens gevergde (gevraagde) van geval tot geval verskil, dan blyk dat ook die *kiesing* (antwoording, vryheid) van élke mens as enkeling en van elke samelewingskring in 'n besóndere en éie *uitverkiesing* wortel. Elk het in hierdie sin 'n éie roeping. Dit alles egter nie in isolasie nie, maar (volgens die eenheidsbeginsel van samehangende verskeidenheid) in onderlinge verbondenheid. (Hierop kom ons later terug).

4. Maar dit is *Gód* wat die mens (met Sy skeppings- en bestieringswil) tot gelyke en ongelyke en tot vaste en kontingente vryheid bestem, roep, d.w.s. uitverkies. Hý *beskik* in *absolute* en *algenoegsame* sin oor menslike vryheid (en die voorwaardes daarvan). Die *menslike beskikking* oor sy vryheid (kragtens die hom geskenkte en verpligtende moontlikheid van keuse met hul behorenseise) is *kreatuurlik* en *onselfgenoegsaam*. Tóg is dit 'n beskikking, want dit is die méns wat toerekenbaar en verantwoordelik kies en wat die behorenseise gehoorsaam of oortree. (Ook beskik hy in dié sin oor die behorenseise waaronder die mens ás méns staan, dat hy hulle kan positiveer). Met sy kreatuurlike beskikking oor sy vryheid kan hy (daaraan beantwoordend) sy uitverkiesing vas maak of (dit verwerpend) hom aan verslawing prysgee. Op die verhouding van die absolute en algenoegsame

beskikking van God én die kreatuurlike en onselfgenoegsame beskikking van die mens oor menslike vryheid[11]) kan ons hier nie ingaan nie, behalwe om te stel dat die menslike beskikking oor die (hom geskenkte en verpligtende) moontlikheid van keuse en behorenseise, die beskikking is wat die antwoord(er) oor die vraag het, waaraan hy behóórt te béantwoord; want die antwoord behóórt te bied wat die vraag vereis, maar self nie bied nie.

5. Menslike vryheid begin met kiesing. In perspektief gesien bied menslike vryheid die volgende.[1])

a. *Totale* menslike vryheid is roepingsvervullende antwoording op die moontlikhede aan die mens geskenk en wel in onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan behorenseise. Die *totale* menslike vryheid druk hom uit in drie tipes van *hele* menslike vryheid en wel a) in sy *verhouding tot God* as totalitêre diens; b) in sy besondere *verhouding tot die mens* (as beelddraer van God) as sorgende liefde; en c) in sy *verhouding tot die kosmos* (stof, plant, dier en mens) as koninklike heerskappy (wo. kul tuurskepping: „creativity"). a) Die *hele* vryheid as diens van God druk hom in *partikuliere* vryhede uit wo. bid, dank, loof, verkondiging en verneming van die Woord van God, aflegging van belydenis, bediening van sakramente, evangelisasie en sending. b) Die *hele* vryheid as sorgende liefde druk hom in *partikuliere* vryhede uit wo. liefdesorg tussen gehudes, van ouers aan kinders, self- en naasteliefde, volksliefde, liefdesorg tussen werkgewers en werknemers (in die algemeen tussen gesaghebbers en gesagsonderdane) ensovoorts. c) Die *hele* vryheid as heerskappy druk hom uit in *partikuliere* vryhede wo. (i. modaal) vryheid van denke, van taalvorming, van kunswaardering, juridiese vryheid, sedelike vryheid ensovoorts; (ii. idiostantstruktureel) individuele, huweliks-, volkse, staatse, universitêre vryheid ensovoorts; (iii. dinamies) vryheid van arbeid, opvoeding, verkeer, geskiedenisvorming, tegniek-vervaardiging ensovoorts. (Omdat ons menslike vryheid nie volgens die „orde van sondeval en verlossing"

behandel nie, gaan ons hier op iv. die aksiale of waarde-bepaaldheid van vryheid nie in nie).

b. Wanneer ons die totale, hele en partikuliere vryheid as toerekenbare en verantwoordelike *antwoording* op die aan die mens gemeenskaplik geskenkte en verpligtende moontlikhede met hul behorenseise (m.a.w. as gemeenskaplike roepingsvervulling) betrag, kom die „*formele*" eenheid van vryheid in sig.

Let ons egter op die verskil gegee met die onderskeie tipes en/of soorte van hele en partikuliere vryhede, dan kom die *verskeidenheid* van menslike vryheid in sig (waarby ons die onderskeid van vaste en kontingente vryheid — soos dit in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse tot openbaring kom — nie uit die oog mag verloor nie). Vryheid as diens van God is iets anders as vryheid as heerskappy oor die kosmos. Sedelike vryheid is iets anders as estetiese (kuns-)vryheid. Die vryheid van Totius is iets anders as die vryheid van Langenhoven. Die vryheid van die kerk is iets anders as dié van die staat. Die vryheid van die gesagsdraer is iets anders as dié van die gesagsonderdaan. Die vryheid van Brittanje in 1900 is iets anders as die vryheid van Brittanje in 1964. Ensovoorts.

c. Maar alle onderskeie tipes en/of soorte van vryheid *hang saam*, nie alleen volgens die eenheidsbeginsels onder A. *Prolegomena* hierbo gestel en ook nie net volgens die samehangende verskeidenheid van die voorwaardes van menslike vryheid (onder B. hierbo uiteengesit) nie, maar juis ook as onderskeie tipes en soorte vryheid self. Illustratief toon ons dit net in een en wel modale geval aan, nl. in dié van die samehang van estetiese (kuns-)vryheid en enkele ander modale vryhede.[12])

'n Romankunstenaar verwerklik (aktualiseer) estetiese (kuns-)vryheid op grond van die hom geskenkte kunsmoontlikhede in onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan die behorenseise van kunsskepping. Sy kunswerk moet dan ook esteties beoordeel en gewaardeer word. Die estetiese is soewerein in eie kring. Wie die estetiese volgens

sedelike norme as sodanig beoordeel, verloor die estetiese as sodanig uit sig. Maar tog is die estetiese vryheid (en daarmee die kunswerk) nie van ander modale vryhede isoleerbaar nie. As die romankunstenaar die logiese norm van non-kontradiksie oortree (in die roman die gebeurtenisse mekaar laat weerspreek) en bv. in een of ander hoofstuk sy held (x) op 'n bepaalde tydstip (y) 'n daad (z) laat doen en in 'n volgende hoofstuk stel dat x op y nie z gedoen het nie, verloor sy roman aan estetiese waarde. As sy roman die taal-norme oortree (bv. meersinnige woorde in afwisselende betekenisse gebruik, die sintaksis ongeoorloofde geweld aandoen of hom aan die algemene taalnorm van dui-ding, nl. dui-delikheid vergryp, waardeur sy roman vir ander onverstaanbaar is), word sy estetiese waarde ondermyn in die mate wat dit geskied. Oortree die romankunstenaar die norm van ekonomie bv. deur onnodige herhalings of deur te uitgerekte uiteensettings te veel te bied of deur te min te bied en uit te laat wat nodig was, ly die estetiese waarde van sy werk skade. Oortree hy opsetlik die etiese norm en verheerlik hy bv. moord ás móórd of hoerery ás hóérery of diefstal ás diéfstal, dan krenk hy die estetiese waarde van sy roman. M.a.w. al is die estetiese vryheid nie tot die logiese, die linguale, die ekonomiese, die etiese ensovoorts as sodanig herleibaar nie, kan die estetiese vryheid *nie* van die ander *geïsoleer* word nie en word die estetiese vryheid gestrem *in die mate* wat behorenseise van ander vryhede nie gehoorsaam word nie; maar *in die mate* wat dit wel geskied, kan die estetiese vryheid tot volle aktualiteit kom.

Mutatis mutandis geld dit van die samehang van alle tipes en/of soorte van menslike vryheid.

### D. *Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid in samelewingsverband.*

1. Die samehangende verskeidenheid van die menslike samelewing self kan hier slegs opsommenderwyse in perspektief gestel word. 'n Strukturele en bestemmingsanalise van die samelewing kan ons hier nie gee nie. Ook

vir die menslike samelewing geld die eenheidsbeginsels onder *A. Prolegomena* hierbo gestel.

2. a. Die mees omvattende onderskeiding is dié van die konkrete menslike persoon aan die een kant én die van die universele eenheid van die menslike samelewing (of mensheid) aan die ander kant.

i. Die konkrete menslike persoon is 'n unieke individueel-sosiale besonderheid. Hy het twee ewe fundamentele, onderling onherleibare maar mekaar komplementerende en nie van mekaar isoleerbare sye, t.w. 'n individuele en 'n sosiale sy. Om hom net of primêr as 'n individu te beskou is 'n abstraksie. Om hom net of primêr as 'n sosiale wese te beskou, is ook 'n abstraksie. Hy is aan die een kant die mees individuele (geïndividualiseerde) en aan die ander kant tegelykertyd die mees sosiale (gesosia-liseerde) wese onder alle skepsele. Hy is 'n knooppunt van al die samelewingskringe waartoe hy behoort en hy is as *héle* persoon bv. huweliksgenoot, gesinslid, volksgenoot, staatsburger, kerk-lidmaat, lid van 'n beroepskring, lid van 'n vereniging, buurman ensovoorts. As *totale* konkrete persoon is sy individuele sy en sosiale sy (sy lidmaatskap van die betrokke kringe) in hom „einheitlich" verenig.[13])

ii. Die menslike samelewing in sy universaliteit (m.a.w. die mensheid) vind sy eenheid volgens afstamming in Adam en vind sy eenheid as herbore mensegeslag in Christus.[14])

iii. Die mens as konkrete (individueel-sosiale) persoon en die universele eenheid van die mensheid vorm die twee pole van die „formele" eenheid van die mens(heid). Tussen beide pole tref ons die volgende samehangende verskeidenheid van die mens(heid) aan.

2. b. As ons die mens as enkeling beskou, sien ons metodies af van sy verbondenheid met die betrokke partikuliere samelewingskringe. Daarteenoor staan die onderskeie partikuliere samelewingskringe.[15]) Hiervan kan ons onderskei i. die primêre samelewingskringe, bv. huwelik, gesin, volk, staat en kerk, elk met 'n besondere

struktuur, besondere gesagsverhouding, besondere (modale) leidende en funderende funksies en met 'n besondere bestemming; ii. die sekundêre (maatskaplike) samelewingskringe, bv. 'n skool, 'n universiteit, 'n fabriek, 'n hospitaal, 'n klub ensovoorts, elk met 'n besondere struktuur, besondere gesagsverhouding, en een (of meer) (modale) leidende (maar geen funderende) funksies en 'n besondere bestemming; iii. die tersiêre (maatskaplike) interindividuele samelewingskringe, bv. vriendekring, buurskap ensovoorts, elk met 'n besondere losse struktuur, sonder gesagsverhouding en met 'n besondere bestemming. Behalwe hierdie onderskeidings tref ons die meer omvattende en wel *wêreldwye* samelewingskringe aan[14]) wo. i. die diverse interindividuele (resp. „kosmopolitaanse") wo. bv. die „fraternity of scientists" (soos met wetenskaplike kongresse gebied), ií. die diverse intersosiale (wo. internasionale) en iii. die diverse ekumeniese samelewingskringe (elk met sy besondere struktuur en bestemming).

Hierdie verskeidenheid van enkeling en samelewingskring asook van samelewingskring en samelewingskring is onherleibaar. Die enkeling is geen samelewingskring, die kerk is geen staat, die universiteit is geen fabriek, 'n wêreldwye internasionale samehang van volke is geen ekumene ensovoorts nie.

Maar waar dit vir ons hier op aankom is dat elk van al hierdie verskeidenheid van enkelinge en samelewingskringe (volgens sy bepaalde aard, struktuur, gesagsverhouding, volgens betrokke modale leidende en funderende funksies, volgens bestemming ensovoorts, asook volgens sy bepaalde omstandighede, geleenthede en situasies asook sy „soewereiniteit in eie kring") sy relevante moontlikheid van keuse en daarby behorende bepaalde behorenseise het waaronder dit staan, en gevolglik sy besondere vryheid het. M.a.w. die vryheid van elk verskil. Die vryheid van 'n gesin verskil van dié van 'n staat en die vryheid van 'n skool verskil van dié van 'n skaakklub.

Hierby kom dat weens die ingewikkelde struktuur

van 'n samelewingskring daarbinne diverse vryhede onderskei kan word. Bv. binne 'n huwelik verskil die vryheid van man en vrou; binne 'n kerk die vryheid van predikant, van ouderlinge, van diakens en van gemeentelede; en binne elke samelewingskring met gesagsverhoudings verskil die vryheid van die gesaghebber en dié van die gesagsonderdane.

2. c. Maar enkeling en samelewingskring asook samelewingskring en samelewingskring hang onderling saam en is nie van mekaar isoleerbaar nie; die vryheid van die een is mede-afhanklik van die vryheid van 'n ander. Insover elk verskil, het en behou elkeen sy eie identiteit. Maar insover die een met die ander saamhang, is die een met die ander vervleg. Dooyeweerd (in die algemeen: die „Wysbegeerte van die Wetsidee") sien tereg (en skitterend) hierdie vervlegting as 'n enkapsis. 'n Enkapsis is 'n sodanige samehang (verbinding, vervlegting) van o.a. enkelinge en samelewingskringe asook van samelewingskringe en samelewingskringe, dat nieteenstaande sy samehang, elkeen sy identiteit behou. Bv. 'n huwelik is in 'n gesin enkapties verbind sonder dat die identiteit van die huwelik in hierdie verbinding verlore gaan; die mens as enkeling is in volksverband enkapties vervleg sonder dat hy sy identiteit kwytraak; met die vervlegting van kerk en staat behou elkeen sy identiteit.

Maar waar dit vir ons hier op aankom is dat met die enkapsis die vryheid van die een nie van die vryheid van die ander isoleerbaar is nie, dat die vryheid van die een die vryheid van die ander nodig het, dat hoe meer die een vry is, hoe meer die ander vry kan wees en dat die onvryheid van die een die vryheid van die ander belemmer, m.a.w. dat ook hier die eenheidsbeginsel van samehangende verskeidenheid van menslike vryheid geld. Ons wil dit net met die geval van huweliksvryheid illustreer.

2. d. Die mens (man of vrou) as totále konkrete persoon gaan nie geheel en al in die huwelik op nie; slegs as héle mens is elkeen huweliksgenoot en vorm hulle te-

same die eenheid van die huwelik as samelewingskring. Want sowel die man as die vrou het ook 'n individuele sy (hoe ook al enkapties met die huwelikskring vervleg) en elk van beide is ook (elk op sy wyse) lid van talle ander (staatse, kerklike, volkse en ander) kringe (hoe ook al enkapties met die huwelikskring vervleg). Slegs in huweliksverband vorm beide tesame die geheel van die huwelikskring op 'n unieke wyse. Maar binne hierdie huwelikskring bly die man mán en die vrou vróú, elk met sy (haar) betrokke (mekaar komplementerende) relevante moontlikheid van keuse, behorenseise en vryheid, terwyl die huwelikskring as geheel 'n eenheid is met sý moontlikheid van keuse, behorenseise en vryheid.

Slegs in die mate wat die man as eggenoot met sy moontlikheid van keuse en in gehoorsaamheid aan die betrokke behorenseise (in liefde sorgend) doen wat hom te doen staan (d.w.s. vry is) kan sy vrou as eggenote vry wees; en so ook mutatis mutandis vice versa. En slegs in die mate wat beide (mekaar as eggenoot en as eggenote) komplementerend gesamentlik (volgens hulle gemeenskaplike moontlikheid van keuse en in gehoorsaamheid aan die betrokke gemeenskaplike behorenseise) doen wat hulle te doen staan (vry is), kan die vryheid van die huwelikskring as geheel geaktualiseer word. Maar in die mate wat die man as eggenoot of die vrou as eggenote onvry is (bv. aan die seksdrif verslaaf is, selfsugtig is, teenoor die ander onverskillig is, die ander probeer oorheers en dwing) word die vryheid van die ander ondermyn en ly daarmee die vryheid van die huwelik as geheel skade. M.a.w. hoe vryer die een is, hoe vryer die ander en hoe vryer ook die huwelik as geheel kan wees, maar hoe onvryer die een is, hoe minder kan die ander en ook hoe minder kan die huwelik as geheel vry wees. Dit geld mutatis mutandis vir elke samelewingskring.

Mutatis mutandis geld dit ook vir die verhouding van samelewingskringe onderling in hul enkaptiese verbondenheid. Bv. hoe vryer die staat is (doen wat hy met sy moontlikheid van keuse behoort te doen), hoe vryer

kan die kerk wees; en mutatis mutandis vice versa. Maar hoe onvryer die staat is — bv. deur oorheersing, oorskryding van sy eie gebied (relevante moontlikheid van keuse), deur in gebreke te bly wat hom as staat te doen staan ensovoorts — hoe meer word daardeur die vryheid van die kerk ondermyn; en mutatis mutandis vice versa. Hierdie beginsel van samehangende verskeidenheid van menslike vryheid geld (kragtens die universele vervlegtheid (enkapsis) van enkelinge en samelewingskringe asook van samelewingskringe en samelewingskringe) universeel.

2. c. Ons het gestel[1]) dat menslike vryheid nie met die moontlikheid van keuse vereenselwig mag word nie, maar dat moontlikheid van keuse 'n voorwaarde van menslike vryheid is. Sodra ons egter menslike vryheid nie sien as 'n handeling wat op grond van die betrokke moontlikheid van keuse in onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan die betrokke behorenseise waaronder die mens ás méns staan, voltrek word nie, maar menslike vryheid as moontlikheid van keuse opvat waarvolgens elke mens (as enkeling of as samelewingskring) volgens eie welbehae of louter eie belang kan handel, dan geld dat die vryheid van die een 'n bedreiging vir die vryheid van die ander is; m.a.w. dat hoe vryer die een is, hoe onvryer die ander sal wees. Volgens die liberalisme[15]) (wat vryheid in die menslike individu veranker en wat menslike vryheid as die individuele moontlikheid van keuse opvat) is per slot van rekening elke individu 'n godjie op homself; en die een god verdra nie 'n ander god teenoor of naas hom nie. Maar die liberalisme erken ook dat al hierdie godjies gelykwaardig is en moet saamlewe. Daarvoor is nodig dat elkeen sy vryheid vrywillig moet beperk, en — in staatsverband — dat die owerheid slegs 'n minimum van gesag moet hê (wat hy van die individue nogal ontvang) sodat elke godjie tog nog 'n maksimale individuele vryheid behou. Ek stel dit opsetlik so skerp as moontlik; want dit geld nieteenstaande die liberalisme met sy vryheidsleer, die leer van 'n gemeenskaplike redelikheid van menslike individue verbind. Vir die unieke geheelsvry-

heid van 'n samelewingskring as sodanig (wat meer is as die som of meerderheid van individuele vryhede), bv. van 'n kerk of 'n staat of 'n volk of 'n gesin of 'n huwelik, het die liberalisme geen oog nie. Daarenteen erken bv. die nasionaal-sosialisme net volksvryheid en wel as volkse moontlikheid van keuse volgens volkse eiebelang. Hierdeur word volkse vryheid 'n bedreiging sowel vir individuele vryheid (die vryheid van die enkeling) as vir die ander sosiale vryhede (die vryheid van huwelik, gesin, staat, kerk, universiteit ensovoorts). Ook hier geld dat die vryheid van die een 'n bedreiging is vir die vryheid van die ander, ja, dat die vryheid van die een eintlik die onvryheid van die ander vereis. Mutatis mutandis geld hierdie vervalsing van die samehangende verskeidenheid van vryheid orals waar (by 'n enkeling of 'n samelewingskring) vryheid in die méns veranker en met sy moontlikheid van keuse vereenselwig word.

Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid in samelewingsverband stel ons illustratief meer in die besonder vir die geval van universitêre (wo. akademiese) vryheid.

E. *Universitêre (wo. akademiese) vryheid.*[16])

1. 'n Universiteit is 'n *instituut* (samelewingskring) wat bestaan uit o.a. raad, senaat, fakulteit, departemente, navorsingsinstitute, komitees ensovoorts; uit navorsers en dosente (resp. persone wat sowel navors en doseer) asook studente; en uit die biblioteek- en administratiewe personeel; ensovoorts. Hiervan is aan élk (raad, senaat ensovoorts) 'n besondere taak gestel na aanleiding van 'n relevante moontlikheid van keuse met betrokke behorenseise, d.w.s. is elk tot sy besondere vryheid bestem. Ook hier geld dat hoe vryer die een is (hoe beter hy toerekenbaar en verantwoordelik doen wat hy behoort te doen), hoe vryer die ander en ook hoe vryer die universiteit as geheel kan wees, (d.w.s. toerekenbaar en verantwoordelik kan doen wat hom te doen staan). Hier geld ook dat in die mate wat die een onvry is (bv. deur ver-

slawing aan magsmotiewe, eersug, selfsug, eiesinnigheid, luiheid, onverskilligheid, ontrouheid ensovoorts), die vryheid van die ander asook van dié van die universiteit as geheel gestrem en ondermyn word.

2. Een van die vryhede van die universiteit is die beoefening van die wetenskap. *Die beoefening van die wetenskap* (na aanleiding van die kenbare en in gehoorsaamheid aan die betrokke behorenseise) *is die akademiese vryheid van die universiteit.* (Eintlik is 'n akademie 'n instituut vir die beoefening van die wetenskap *en die kunste;* maar met die oog op vereenvoudiging van die weergawe van ons probleemstelling en die duidelikheid van ons uiteensetting, spreek ons in die vervolg nét van die beoefening van die wetenskap). Op wat wetenskap is,[17]) gaan ons hier nie in nie. Ook het ons reeds[1]) aangedui wat onder wetenskaplike vryheid[18]) verstaan word. Ons merk hier slegs op dat die wetenskap as geheel die besondere wetenskappe van Teologie, Wysbegeerte en die onderskeie Vakwetenskappe (wo. die sg. Natuur- en Kultuur- of Geestes-wetenskappe) insluit.

a. Die *akademiese vryheid* (aan die universiteit) — gegee met die beoefening van die wetenskap — omvat i. die uitbou van die wetenskap (navorsing); ii. die bewaring van die wetenskap in geskrif en biblioteek (o.a. ook met die oog op die gebruik daarvan vir verdere ondersoek); en iii. die oordrag van die wetenskap gegee met die wetenskaplike vorming van die studente (wat intellektuele vorming én vorming tot navorsers insluit). Hierdie onderskeie akademiese vryhede hang saam, en ook hier geld dat hoe vryer die een is (doen wat gedoen behoort te word), hoe vryer die ander kan wees; en dat die onvryheid van die een die vryheid van die ander ondermyn.

b. Die kenbare hang saam. Wetenskaplike waarheid[19]) behoort 'n eenheid te wees. Akademiese vryheid vereis die aktualisering van die eenheid (onderlinge samehang) van die wetenskap; en dit in tweërlei opsig. *Eerstens* het die universiteit (met sy akademiese vryheid) tot taak om sowel die eenheid ('n *totaalvisie*) van die we-

tenskap te vorm en te bewaar as om met *spesialisasie* die wetenskap al verder uit te bou. Beide moet in onderlinge samehang geskied. Want, bv. *oor*spesialisasie (wat sy verband met die geheel van die wetenskap verloor) ondergrawe sy eie fondamente en word sinloos.[20]) Hoe inniger spesialisasie sy verband met die gehele wetenskap en die wetenskap as eenheid sy verband met spesialisasie aktualiseer, hoe meer kom akademiese vryheid as 'n vryheid van samehangende verskeidenheid tot sy reg. *Tweedens* behoort 'n universele *wisselwerking* tussen al die besondere wetenskappe (waarvan elk sy besondere vryheid moet aktualiseer) behartig te word. Hoe meer 'n besondere wetenskap hom van ander besondere wetenskappe isoleer, m.a.w. „suiwer" resp. „rein" beoefen word, hoe onvrugbaarder en leër, d.w.s. hoe onvryer dit word. Met die vereiste wisselwerkingsvryheid geld dat hoe vryer die een wetenskap beoefen word, hoe vryer die ander beoefen kan word, terwyl die onvryheid van die een besondere wetenskap (o.a. gegee met tendense tot isolasie of afsondering of met tendense tot imperialisme en oorheersing — tendense wat in die grond van die saak in verslawing wortel en verslawend is) die vryheid van die ander besondere wetenskappe asook van die wetenskap as geheel belemmer en ondergrawe.

c. Volgens sy transkosmiese Eenheidsgrond is die *hoogste* en *omvattende doel* van akademiese vryheid (die beoefening van die wetenskap) om roepingsvervullend God te dien, te eer en te verheerlik. Hieraan ondergeskik sluit akademiese vryheid die volgende (onderling saamhangende) *doelstellings* in.[21])

i. Aan die een kant die beoefening van die wetenskap *in die algemeen;* en aan die ander kant die diens wat dit die ander samelewingskringe (wo. gesin, volk, staat, kerk, industrie, skool ensovoorts) behoort te bied met die *besondere* ondersoek van vraagstukke aan die oplossing waarvan die ander samelewingskringe behoefte het.

ii. Sowel die beoefening van die wetenskap ter wille

van *deelname aan die waarheid* (die vryheid van die basiese wetenskappe) ás beoefening van die wetenskap m.b.t. die wyse *hoe* wetenskaplike bevindings (in diens aan ander samelewingskringe gebied) *toegepas kan word* (die vryheid van die toegepaste wetenskappe). Behalwe basiese en toegepaste wetenskap behoort ook wetenskappe beoefen te word wat tot diens van die basiese en toegepaste wetenskappe staan, die sg. tegniese wetenskappe.[21])

Wat die toegepaste wetenskappe betref, doen die wetenskaplike (aan die universiteit) ás wétenskaplike sélf nie die toepassing nie: hy bou geen huise en brûe, hy fabriseer en verhandel geen ekonomiese goedere, hy tree nie as publieke aanklaer of as huisarts op ensovoorts nie. Die toepassing van wetenskaplike bevindings doen persone uit ander samelewingskringe. Die universiteit se taak in hierdie verband is slegs om te ondersoek *hoe* die betrokke bevindings *op wetenskaplike wyse* toegepas behoort te word. M.a.w. gaan dit ook in hierdie geval slegs om die beoefening van die wetenskap as sodanig, d.w.s. om die akademiese vryheid van die universiteit.

Sowel met die behartiging van die besondere vraagstukke in diens aan ander samelewingskringe asook met die diens wat die toegepaste wetenskappe aan ander samelewingskringe bied, het ons 'n eerste enkaptiese binding van universiteit (en universitêre vryheid) met die ander samelewingskringe (en hul betrokke vryhede). Ook hier geld dat hoe vryer die universiteit is (hoe beter sy diens aan ander is), hoe vryer die ander samelewingskringe kan wees (m.a.w. hoe beter — be-hoor-liker — hulle hul betrokke take kan behartig).

d. I.v.m. hul verset teen die stigting van bv. *Bantoe-universiteitskolleges* in ons land het liberaliste hul o.a. daarop beroep dat wetenskapsbeoefening (o.i. akademiese vryheid) met die onderskeid van volk, nasie en ras niks te doen het nie. Ons kan met die bewering in dié sin saamstem dat vir die beoefening van die wetenskap (vir akademiese vryheid) *as sodanig* die onderskeid van volke,

nasies en rasse geen verskil maak nie en dat dit dus vir die beoefening van die wetenskap *as sodanig* irrelevant is in watter taal dit beoefen word, en wie (van die onderskeie volke, nasies en rasse) aan 'n universiteit doseer en studeer. M.a.w. die beoefening van die wetenskap (d.w.s. *akademiese vryheid)* is „internasionaliseerbaar" en „ekumeniseerbaar".[14]) Juis daarom het „internasionale" wetenskaplike kongresse en onderneming van „ekumeniese" wetenskaplike projekte sin. Dit alles het bv. die nasionaal-sosialistiese staat van Hitler nie ingesien nie, toe dit in *prinsipiële* sin *Duitse* wetenskap wou bevorder. Maar universitêre vryheid omvat veel meer as net akademiese vryheid. Hierdie méérdere universitêre vryheid stel die gen. vraagstuk van universiteit en volk (nasie, ras) in 'n ander lig. Maar daaroor later.

3. Universitêre vryheid is nie net die akademiese beoefening van die wetenskappe nie. Sinds sy ontstaan het die universiteit ook die *opleiding* van studente vir *hoër beroepe* (i.c. die opleiding van teoloë, medici en juriste) as sy taak beskou. Die huidige universiteit vind sy vryheid om studente vir nog talle ander hoër beroepe (d.w.s. beroepe wat 'n akademiese voorskoling vereis) op te lei.[22])

Die vryheid van professionele respektiewelik beroepsopleiding aan die universiteit kan van sy akademiese vryheid (dit wil sê die beoefening van die wetenskap as sodanig) nie geïsoleer word nie. In die mate egter wat die professionele vorming van die student op sy latere beoefening van sy beroep (op vorming van spesifieke beroepskennis en beroepsvaardigheid) toegespits word, is dit nie meer „suiwer" akademies van aard nie. Dit is wel waar dat aan die universiteit die grenslyn tussen akademiese en professionele vorming van die student nie skerp getrek kan word nie, maar dit neem die eis van (indien ook saamhangende) onderskeiding van beide nie weg nie. Omdat die universiteit (kragtens die beginsel van saamhangende verskeidenheid) hom nie van die ander samelewingskringe mag iso-

leer nie, mag aan die universiteit die opleiding van studente vir die betrokke hoër beroepe ook nie geweer word nie. Maar vereiste bly dat die betrokke beroepsopleiding akademiese voorskoling vereis en bowendien dat die universitêre vryheid van beroepsopleiding nie die akademiese vorming (die beoefening van die wetenskap as sodanig) in gevaar mag stel, oorheers of selfs tot 'n mate verdring nie. Die universiteit is geen tegniese hoëre skool nie. Omdat universitêre vryheid ook die vryheid van beroepsopleiding insluit, is dit meer as net akademiese vryheid.

Met sy beroepsopleiding word die enkapsis van universiteit met al die onderskeie beroepskringe (eintlik so te sê met die samelewing as geheel, want elke samelewingskring het sy roeping[22]) reeds inniger. Die universitêre beroepsopleiding (met sy relevante moontlikheid van keuse en behorenseise) moet met die belange en vereistes van die betrokke beroepe[22]) rekening hou. Ook hier geld dat hoe vryer die universiteit in hierdie opsig is (hoe beter hy volgens die betrokke behorenseise sy taak behartig), hoe vryer die onderskeie beroepskringe kan wees (hoe beter hulle volgens hul betrokke behorenseise hul take kan behartig). Maar ook hier is die samehangende vryheid van algar in die geding: die beroepskringe mag van hul kant nie die universiteit aan húl belange verslaaf (bv. deur in eie en selfs selfsugtige belang dwang op die universiteit uit te oefen) en daardeur universitêre vryheid ondermyn nie.

Aanvullend mag ons sê dat die genoemde enkapsis één van die gronde is waarom dit tot die universitêre vryheid ook behoort om *grade* toe te ken en *diplomas* en *sertifikate* uit te reik, wat vir die betrokke samelewingskringe as *waarborg* dien daarvoor dat die betrokke alumni aan die betrokke vereistes voldoen en 'n betrokke betrekking in 'n betrokke beroep verdien. Dit spreek dan ook meer as vanself dat die universiteit hierdie vryheid (van toekenning van grade en uitreiking van diplomas

en sertifikate) streng en konsiënsieus sal behartig. Om waarborge te gee is geen kleinigheid nie.

4. Behalwe akademiese vryheid en die vryheid van professionele opleiding behoort tot die universiteit ook die vryheid om die student tot volwaardige menslike persoon *op te voed* (vir sover dit op die weg van die universiteit lê).[20]) Reeds wetenskaplike vorming is (in 'n bepaalde sin) *persoonlikheidsvorming.* Hiervan is die (betrokke) *sedelike* en (nog dieper) die *geestelike* en die *lewens- en wêreldbeskoulike* (wo. religieuse)[6]) vorming nie isoleerbaar nie. Bowendien beteken universitêre vorming van die student die vorming van *leiers* vir die betrokke onderskeie samelewingskringe en wel leiers wat hul plekke in die samelewing na behore (d.w.s. vry) sal kan vol staan. Ons kan dit alles hier nie in besonderhede uitwerk nie. Hierdie enkapsis van universiteit en samelewing is nog intiemer as die voorgaandes. Ook in hierdie opsig geld dat hoe vryer die universiteit is, hoe vryer die orige samelewingskringe hul betrokke take kan behartig en dat die onvryheid van die universiteit die vryheid van die ander (betrokke) samelewingskringe strem.

5. a. Maar die enkaptiese belang van ander samelewingskringe by die universiteit is *nog inniger* en nog *omvattender,* waardeur universitêre vryheid nog omvattender word as bloot akademiese vryheid. Nieteenstaande sy akademiese vryheid, waardeur die universiteit in 'n bepaalde sin 'n *distansie* teenoor die orige samelewing bewaar en behoort te bewaar, kan en mag en behoort dit hom *nie* van die orige samelewing *te isoleer* nie. Dit blyk (met die wêreldwye krisis van die huidige universiteit) veral daaruit dat gekla[20]) word dat die universiteit te geïsoleerd en los van die samelewing met sy aktuele en brandende probleme en node (wo. ook lewens- en wêreldbeskoulike spanninge) staan; dat dit te veel 'n „civitas academica" daarbo op die kruine van die akademiese berge is; dat die universiteit as sentrum van die wetenskap nie midde in die lewe staan en geen kulturele brandpunt van die kulturele, nasionale en godsdienstige lewe

is, en aan die samelewing geen leiding en geen inspirasie gee, nie deelneem aan die stryd tussen lewens- en wêreldbeskouings en geen kragbron en geen gewete vir die samelewing is nie; en dat dit geen leiers vorm wat in die volheid van die lewe staan nie, maar eintlik slegs gedresseerde eng-geestige beroepsdeskundiges en spesialiste met 'n armoede aan ideë aflewer. Met dergelike kritiek is die samehangende verskeidenheid van universitêre vryheid en die vryheid van die ander samelewingskringe op die spel.

5. b. Die hier geopperde vraagstuk moes eintlik ondersoek word m.b.t. die enkapsis van die universiteit met elk van die aangewese samelewingskringe wo. kerk, staat, volk, gesin, industrie, die mediese beroep, die beroepskring van regsgeleerdes ensovoorts. Ons *beperk* ons hier egter tot die verhouding (enkaptiese vervlegting) van *universiteit* (met sy universitêre vryheid) en *volk* (met sy volkse vryheid).

i. Was ons stryd vanaf die begin van hierdie eeu (en eintlik nog eerder) vir die stigting en bevordering van *Afrikaanse* universiteite (en bv. die stryd in België vir *Vlaamse* universiteite, 'n stryd wat nog woed) sinvol en van betekenis? Het *Afrikaanse* universiteite iets vir die ontwikkeling van ons volk beteken? Het dit sy taal en sy kultuur verryk en ons volk besiel en verhef? Het ons Afrikaanse volk reg op Afrikaanse universiteite met 'n gesonde Afrikaanse gees en op universitêr gevormde Afrikaanse leiers met 'n gesonde Afrikaanse gees? Mag ons Afrikaanse volk (in gesonde sin) trots op sy Afrikaanse universiteite wees en sou dit sonder Afrikaanse universiteite nasionaal en kultureel nie baie armer gewees het as nou nie? Het in al die genoemde opsigte ons Afrikaanse universiteite geen plig teenoor ons Afrikaanse volk nie? Om dergelike vrae te stel beteken om hul bevestigend te beantwoord.

ii. Die hiermee gestelde vervlegting van *volk* en *universiteit* geld by alle volke. Die samehangende vryhede van universiteit en volk vereis 'n lewendige, besielde en

besielende (mekaar wedersyds bevrugtende) kontak tussen beide. Hier nog meer as elders blyk dat universitêre vryheid veel meer omvat as net bloot akademiese vryheid. Maar, waar *akademiese* vryheid „internasionaliseerbaar" is (of beter: waar verskil van volke, nasies, rasse en tale vir die beoefening van wetenskap as sodanig nie ter sake is nie), daar geld dat *universitêre* vryheid (vir sover dit meer as akademiese vryheid is) juis nie „internasionaliseerbaar" is nie en dat elke universiteit sy vryheid in die intiemste samehang met die volk waarmee dit enkapties vervleg is, sal behartig. (In hierdie verband mag een voorbeeld van belang wees: as aan 'n Afrikaanse universiteit alle verhandelings vir meestergrade en alle proefskrifte vir doktorsgrade doelbewus en opsetlik in 'n ander taal — bv. in 'n wêreldtaal soos Engels — geskryf sou word, sal so 'n universiteit daarby nie tot 'n hoë mate sy Afrikaanse karakter inboet, in sy diens aan die Afrikaanse volk tot 'n hoë mate te kort skiet en (deur verslawing aan isolerende resp. *oor*heersende bloot akademiese opvatting van die universiteitstaak) tot 'n hoë mate aan sy vólle roeping (aan sy vólle vryheid) ontrou word nie?)

Dit mag verhelderend wees om die hier gestelde probleem op *ons rassebeleid* te betrek[23]).

„The application of this distinction between academic and university freedom to racial differentiation in South Africa, emphasises, for instance, in the case of the prospective Bantu university institutions, that they should actualise, besides their academic freedom, their freedoms to serve the Bantu groups, to play their role in Bantu development, to advance the Bantu spirit (or mind) and culture, and to educate Bantu leaders for the different spheres of human life who fully identify themselves with the Bantu race, and even to develop a Bantu scientific terminology... Racial distinction of universities leaves academic freedom intact... To argue in favour of a multiracial university on exclusively academic considerations is unsound, because academic freedom should not be divorced from university freedom... Furthermore, the

decisive factor of the argument in favour of a multiracial university is not considerations of academic freedom, but the liberalist's pre-scientific view of life and race relations". En op die lááste kom dit juis aan: op die juiste beskouing oor die samehangende verskeidenheid van die menslike samelewing met die daarmee gegewe samehangende verskeidenheid van vryheid. „Furthermore, it is a universally recognised principle that the national (resp. racial) character of a university should be in accord with the national (resp. racial) character and structure of the country concerned... (Academic freedom may be, but) university freedom in these respects cannot be inter nationalised".

Waar aan 'n universiteit *liefde* vir sy volksverband bestaan, sal dit in die betrokke opsigte sy volk dien en daarmee as universiteit sy vóllere vryheid verwerklik en sy volk tot vollere vryheid aanhelp. In die mate wat dit nie geskied nie, strem die betrokke universiteit nie net sy eie vryheid nie, maar ook dié van sy volk.

*Daarteenoor* (d.w.s. nieteenstaande sy omvattende universitêre vryheid) spreek dit ook vanself dat 'n universiteit sy akademiese vryheid nie mag isoleer van die akademiese vryhede van ander universiteite wat met ander volke enkapties vervleg is nie. Akademiese vryheid is „internasionaliseerbaar" (of beter gestel: word nie deur nasionale verskille getref nie), maar universitêre vryheid nie. In ons geval: Afrikaanse universiteite het as Afrikáánse universiteite bestaansreg, maar Afrikaanse wetenskap (bv. Afrikaanse Wiskunde) nie.

iii. Dit is van belang om hierdie vraagstukke (nl. dié van samehangende verskeidenheid van vryheid in samelewingsverband en i.c. net i.v.m. dié van universiteit en volk) in 'n bepaalde opsig van die kant van die *vryheid van die student* onder oë te sien, en dit i.v.m. ons *rassebeleid te stel.* („In 'n bepaalde opsig", want die vryheid van die student wat ons hier op die oog het, is ook nie isoleerbaar van al sy ander vryhede nie).

Op grond van die samehangende vryhede van volk

en universiteit sal *in die reël* bv. 'n Duitse student aan 'n Duitse universiteit en 'n Indiese student aan 'n Indiese universiteit studeer. Dit lê in die betrokke vryheidsverhoudings van volk en universiteit voor die hand. Maar gestel dat 'n gevorderde student van 'n volk X uit strik akademiese oorwegings[24]) sy verdere studie onder 'n leidende wetenskaplike figuur Y aan 'n universiteit van 'n ander volk Z sou wil voortsit, dan sal so 'n universiteit van Z die student X aanvaar. En tereg ook. Want *eerstens* geld dit (sover ek weet by álle volke) as *uitsonderingsgevalle* wat die betrokke verhouding van universitêre en volkse vryheid nie bedreig nie. „But as soon as the number of students of another race increases to such an extent, that the national (resp. racial) character of the university be jeopardised, a percentage-ceiling of admission would be set up". En *tweedens* mag dergelike *uitsonderingsgevalle* volgens die betrokke kontingente moontlikhede van die betrokke studente (met hul betrokke kontingente behorenseise) volkome geregverdig wees.

Maar i.v.m. ons rassebeleid: „The most knotty problem, however, is the question (nie of dit reg is dat Bantoe-universitêre inrigtings gestig behoort te word nie — dit spreek vanself — maar) whether the prohibition of Bantu students from attending and enrolling at European universities is a violation of university freedom... The principle at stake is not the admission to a university of students of other races on solely academic grounds". Veel meer is by ons op die spel, en dit is nie moontlik (en waarskynlik ook nie nodig nie) om hier op alle besonderhede in te gaan nie. Maar as ons bv. let op die stryd op lewe en dood tussen die liberalistiese en ons eeue-oue (maar ontwikkelende) rassebeleid (met sy m.i. juiste erkenning van die betrokke samehangende verskeidenheid van die menslike samelewing) en op die verskil in beskawingspeil tussen die Blanke- en Bantoe-volke in ons land, dan is dit nodig om met die prohibisie-klousule die Bantoe-universitêre inrigtings te beskerm (soos 'n jong plantjie teen allerhande gevare be-

skerm word); daarsonder sou die Bantoe universitêre inrigtings om voor-die-hand-liggende redes in ons land geen bestaans- en ontwikkelingsmoontlikhede gehad het nie. „Should the pattern of apartheid have effectively been actualised en developed ... (en sou die Bantoevolke die vereiste hoëre beskawingspeil bereik het) ... and should Bantu students as a matter of course go to Bantu universities, a number of Bantu students should ... incidentally ... and solely on academic grounds ... be allowed to enrol at„open" (bedoel is: blanke) universities. These cases, however, would be incidental as they are *mutatis mutandis* incidental elsewhere, and do not jeopardise the national (or racial) interests of the country concerned". Maar met die huidige kontingente situasie mag m.i. die prohibisie-klousule nie opgehef word nie. Die liberalistiese gevaar in ons land is te akuut. „Add to this the present racial crisis, commanding an immediate choice between apartheid and integration; the fact that the way of integration and assimilation threatens the continued existence of the Europeans as a separate national entity; that it leads to racial animosity and friction; that apartheid gives full scope for racial development; and that half measures today promise failure — all these considerations together appear to me to constitute grave reasons, which demand, at the present juncture, a suspension of the principle of admission of Non-European students to European universities on solely academic grounds" (Maar, ek het talle vraagstukke uitgelaat; en met hier die uiteensetting is die vryheidsprobleem reeds benader vanuit die „orde van sondeval en verlossing" (resp. „orde van verskeurdheid en herstel"), terwyl die ondersoek van menslike vryheid in hierdie en die vorige artikel juis beperk was om dit volgens die „orde van die skepping" aan te pak).

6. Ons het tot dusver die samehangende verskeidenheid van universitêre vryheid en die vryhede van ander samelewingskringe hoofsaaklik vanuit die gesigshoek van universitêre vryheid benader. Vanuit die gesigshoek van

die vryhede van die ander samelewingskringe geld omgekeerd dat húlle met hulle betrokke vryhede ook hul verpligtings (behorenseise) teenoor universitêre vryheid het. Hiervan vestig ons kortliks (in enkele opsigte) net die aandag op volk, staat en industrie. 'n Universiteit mag verwag dat 'n volk sy kinders (as studente) aan hom toevertrou en dat sy volk hom kultureel, moreel en finansieel sal skraag. 'n Universiteit het reg daarop dat die staat hom juridies beskerm, weens sy hoë kostestruktuur hom tot 'n hoë mate finansieel in stand hou en weens sy landsbelang ag gee op die peil van onderrig ensovoorts. Maar die staat is geen wetenskaplike instituut nie en mag nie (soos bv. in Rusland geskied) aan die universiteit spesifiek wetenskaplike voorskrifte stel nie. Om dié redes behoort universiteite eerder staatsondersteunde inrigtings[25]) te wees (soos by ons) as staatsinrigtings. Maar ook die industrie wat (met betrokke professionele opleiding van studente en betrokke navorsing in hul belang) so véél aan die universiteit verskuldig is, behoort sy plig te besef om met beurse en donasies die universiteit in staat te stel om sy roeping (sy vryheid) so vol en goed as moontlik te aktualiseer. Ook hier geld (volgens die prinsipe van samehangende verskeidenheid van vryheid) dat hoe vryer die betrokke samelewingskring is (hoe be-hoor-liker dit doen wat dit be-hoort te doen), hoe vryer die universiteit kan wees (kan doen wat dit behoort te doen).

7. Akademiese vryheid is oorwegend wetenskaplike heerskappy, terwyl universitêre vryheid in die betrokke ander opsigte sorgende liefdesdiens is. Maar beide kan eers dan in fundamentele en omvattende sin waarlik vry wees, as dit in die diens van God — tot Sy eer en verheerliking — gefundeer is. *Saamvattend* is universitêre (wo. akademiese) vryheid toerekenbare en verantwoordelike roepingsvervullende antwoording op die take deur die relevante moontlikheid van keuse gestel en wel in onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan die daarvoor geldende behorenseise waaronder die universiteit as universiteit

staan. Dit beteken dan ook dat universitêre (wo. akademiese) vryheid in sy diepste wese religie (godsdiens in ruimer sin) is.[6])

Universitêre vryheid vorm weer 'n inherente deel van vryheid van die mensheid (as samehangende verskeidenheid)[26]) wat weer innerlik vervleg is met die samehangende verskeidenheid van die kosmos en wat saam hiermee sy laaste Grond vind in die skeppende en bestierende vrymag van God. Ook universitêre (wo. akademiese) vryheid én sy geskiedenis is in die hande van God en staan onder die leiding en bestiering van die Allerhoogste. Hierin lê 'n diepe misterie verborge.

F. *Slotopmerkings.*

*Menslike vryheid* (soos hierbo en wel volgens „die orde van die skepping" ontleed) is m.i. *skriftuurlik* en laat („in U lig") — sover ek kan sien — aan menslike vryheid *konkreet* en *positief* reg wedervaar; ek het nog niks gevind wat hierdie opvatting van vryheid onhoudbaar maak of dit in antinomieë verstrik nie. Daarenteen gaan bv. die Rooms-Katolieke, liberalistiese, nasionaal-sosialistiese, fascistiese, kommunistiese, eksistensialistiese en ander vryheidsteorieë van 'n ander mensbeskouing[27]) uit, waarvolgens menslike (wo. universitêre) vryheid in een of ander sin 'n outonome of outarke bevoegdheid toegeken word en menslike vryheid op een of ander (selfs peligiaanse en — op Rooms-Katolieke trant — semi-peligiaanse) wyse met die moontlikheid van keuse vereenselwig word, waardeur aan die vrymag en aan die wetsorde van God te kort gedoen word en die betrokke teorieë nie anders kan as om in antinomieë te verval nie. Maar — en dit is van *eminente* belang — ons het hier nie net met teorieë of beskouings te doen nie, maar met die volle praktiese lewe self, omdat ooreenkomstig die betrokke beskouings die betrokke „vryhede" daadwerklik „uitgeleef" word. Dit impliseer (tussen die betrokke rigtings onderling, maar ook tussen hulle en ons) nie net 'n teoretiese stryd nie, maar juis ook 'n stryd oor en om die vryheid self in die volle lewenspraktyk[28]), 'n stryd wat (in

omvattende verband) volgens Augustinus in die laaste instansie 'n stryd is tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis.

Met hierdie stryd mag ons self egter nie vergeet nie, dat ook ons sondaars is, dat ook ons beskouings deur die sonde verduister is en ons vryheidsverwerkliking dié van 'n deur die sonde verdorwe mens is en dat alleen die verlossing van sonde deur die kruisdood van Jesus Christus die gelowige van die verduistering van sy verstand en van die verdorwenheid (sondeverslawing) van sy hart kan bevry. Maar hiermee besien ons reeds menslike vryheid volgens „die orde van sonde en verlossing" (van verskeurdheid en herstel), waaraan hierdie en die vorige artikel nog geen aandag geskenk het nie. Maar die verslawing aan die sonde in ons bedeling ontneem ons nie die diepe en hoë verantwoordelikheid om in die genade van God nou reeds te stry vir die vryheid waarvoor die soendood van Jesus Christus die gelowige in beginsel vrygemaak het nie; en dit *soli Deo gloria.*

H. G. Stoker.

P.U. vir C.H.O.

VERWYSINGS EN OPMERKINGS:

1) Vgl. my *Menslike Vryheid* in *Koers* XXXI, 7/8, waarvan hierdie artikel 'n voortsetting is.
2) Vgl. my *Die beginsel van eenheid en differensiasie* in *Koers* XXX, 1/2.
3) Vgl. o.a. 1) hierbo en my *Calvin and Ethics* in *John Calvin, Contemporary Prophet;* Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1959; bll. 139—141 en *Een en ander oor menslike vryheid* in *Festschrift — De Vleeschauwer,* Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1960; bll. 167 e.v.
4) Vgl. my *Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse* in *Philosophia Reformata,* April 1964; Kok, Kampen, Nederland.
5) Vgl. my *Beginsels en Metodes in die Wetenskap,* Pro Rege-Pers, 1961; hfst. 18. *(Voortaan: B. en M.)* en 4) hierbo.
6) Onder godsdiens in ruimer sin (of religie) verstaan ek die betrokkenheid op God van alles wat die mens doen en laat, m.a.w. die diens van God in universele sin, o.a. ook met die skepping van kultuur. Onder godsdiens in enger sin verstaan ons die gemeenskap van die mens met God gegee in gemeentelike samekoms, huisgodsdiens, binnekamer-gebed ensovoorts. (Vgl. *B. en M.,* bll. 117/118.)

7) Dit is belangrik om tussen *algemene* en *universele* wette en norms te onderskei. Die besondere gevalle (bv. 'n bewegende klip of 'n sedelike handeling) wat onder 'n *algemene* wet of norm val (bv. die swaartekragwet of die sedewet) is 'n eksemplaar van daardie wet of norm. Hierdie algemene wet of norm laat die unieke en eenmalige asook onherhaalbare, soos bv. met 'n historiese gebeurtenis gegee, nie tot sy reg kom nie, resp. geld as sodanig nie daarvoor nie. Tog staan die hele geskiedenis ook onder 'n (resp. die historiese) wet, wat juis aan die kontingente reg laat geskied. Daarom noem ons hierdie tipe wet 'n *universele* wet. Vgl. 3) hierbo asook my *Beginsels en Metodes in die Wetenskap*, bll. 208/9 en 228/231, asook 4) hierbo.

8) *Deonties* afgelei van Grieks *to deon:* plig, die verpligtende, die pligmatige; algemeen: die be-hoor-like of behorensmatige; dit wat behoort gedoen te word. Die deontiese omvat die normatiewe én die kontingente behore.

9) Omdat die betrokke eksistensie-filosowe wel toerekenbaarheid maar nie onderworpenheid aan behorenseise aanvaar nie, en hulle toerekenbaarheid reeds verantwoordelikheid noem, ken hulle egte verantwoordelikheid nie.

10) In sy *Voorwoord* tot J. W. Bews se *Human Ecology*, Oxford University Press, 1935.

11) Vgl. M. C. Smit: *Het goddelijke geheim in de geschiedenis* (Vrije Universiteit — Inougurele Rede).

12) Vgl. die belangrike bydraes van G. Dekker oor *Christelike Kuns* in *Standpunte* en in *Koers*.

13) Daarom is dit dat, as bv. iemand iets besonders presteer, sy huwelik, gesin, volk, staat, kerk, beroepskring ens. in gesonde sin trots op hom kan wees; maar dat as hy val (bv. ontug of bedrog pleeg) dit ook tot skande van die ander samelewingskringe strek, waarvan hy lid is. 'n Menslike persoon kan nie uitsluitelik net as individu handel nie; maar ook nie uitsluitlik net as sosiale wese nie.

14) Vgl. my *Hoe is ons roeping wêreldwyd?* Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1963.

15) Vgl. *B. en M.*, hfst. 18; 4) hierbo; en my *Die Stryd om die Ordes* (Adm. Buro van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, 1942).

16) Vgl. *B. en M.*, hfst. 1, veral D. 2. daarvan; en verder my artikels in *P.U.K. vir C.H.O.-publikasies*, 1935; *Koers*, I, 5; XVII, 4; *The Critic* (U.C.T.), I, 3; II, 2; *Bulletin of the Committee on Science and Freedom* (Manchester), no's 9 en 10; *Race Relations Journal* (The S.A. Institute of Race Relations), XXIV, 3/4; *Die Veteraan*, 1945 en 1952; *Die Volksblad*, 28—30 Apr. 1936.

17) Vgl. o.a. Deel II van *B. en M.; Kristendom en wetenskap* (Van Schaik, Pretoria, 1929) en my artikels in *Koers in die Krisis II* (Pro Ecclesia,, Stellenbosch, 1940); in *Calvinism in the Times of Crisis* (Eerdmans, Grand Rapids, V.S.A., 1947); in P.U. vir C.H.O. — *Gedenkprogram*, (1951); in *Koers*, VII, 6 en verv.; XIII, 4; XVII, 1; in *Die Gereformeerde Vaandel* (Stellenbosch), I, 7/8; in *Calvin Forum* (Grand Rapids), III, 7 en XVII, 7; in *Die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (ou reeks: IX, 3 en nuwe reeks: XVIII, 2); *Bulletin of the Department of Philosophy*, U.C.T., no. 9, 1959.

18) Vgl. *B. en M.*, hfst. 30; *Intellektuele vryheid* (in: *Die Gereformeerde Vaandel;* Stellenbosch; II, 7).

19) Vgl. *B. en M.*, hfst. 31.

20) Vgl. *B. en M.*, hfst. I.

21) Vgl. *B. en M.*, bll. 142 e.v. en bll. 240 e.v.

22) Vgl. *B. en M.*, hfst. I. In hierdie verband gebruik ek die term „beroep" in ruime sin en sluit die „roeping" van die predikant daarby in. In die algemeen vind elke beroep sy diepere begronding in roeping.

23) Die volgende sitate is geneem uit my artikel *Apartheid and University Freedom (Race Relations Journal* van die *S.A. Institute of Race Relations*, XXIV, 3/4). Die oorspronklike artikel was op uitnodiging gestuur aan *The Committee of Science and Freedom* (Manchester) wat dit in sy *Bulletin*, no. 9 in verkorte vorm en met uitlating van kardinale punte gepubliseer het, op grond waarvan ek in sy *Bulletin* no. 10 enkele *Corrections* laat publiseer het.

24) Ander oorwegings mag ook geregverdig wees.

25) By die hierbo gegewe ontleding van die samehangende verskeidenheid van die menslike samelewingskringe pas dat universiteite staatsondersteunde inrigtings behoort te wees. Hiermee stem ook ooreen die samehang van die onderskeie vryhede van staat en universiteit.

26) Op een vraagstuk, nl. die verhouding van die idiostante struktuur van 'n samelewingskring en die daarby behorende relevante moontlikheid van keuse (met die betrokke behorenseise), die vraag nl. watter moontlikheid van keuse (met behorenseise) vir watter samelewingskringe (gesien in idiostantstrukturele verband) relevant is, het ons in hierdie artikel nie ingegaan nie.

27) Hierdie mensbeskouing hang weer saam met wat die betrokke opvattings omtrent God (of die Absolute of Selfgenoegsame) en omtrent die kosmos is.

28) Hiervan is die stryd van ons P.U.(K.) vir C.H.O. vir 'n gewetensklousule wat met ons opvatting van universitêre (wo. akademiese) vryheid ooreenstem, 'n voorbeeld.